30. Oorgangsreëlins en bekragtiging
31. Kort titel



## HOOFSTUK 1 OMSKRYWINGS

### Omskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die konteks anders blyk, beteken –

**"argiefbewaarplek"** enige argiefbewaarplek in artikel 20 bedoel;

**"argiefstukke"** die publieke en nie-publieke rekords in die bewaring van 'n argiefbewaarplek;

**"beskikkingsmagtiging"** 'n skriftelike magtiging uitgereik deur die Provinsiale Argivaris ingevolge artikel 18(2) wat spesifiseer watter rekords bewaar moet word of dokumente waaroor daar op 'n ander wyse beskik moet word;

**"bewaring"** die beheer van rekords gebaseer op die fisiese besit daarvan;

**"Departement"** die departement in die provinsie KwaZulu-Natal verantwoordelik vir provinsiale argiewe;

**"Departementshoof"** die persoon aangestel as die rekenpligtige beampte van die Departement;

**"elektroniese rekordstelsel"** enige rekordstelsel waarin inligting by wyse van rekenaartegnologie elektronies gegenereer en gestoor word;

**"finansiële jaar"** die tydperk wat op 1 April van 'n spesifieke jaar in werking tree en op 31 Maart van die volgende jaar eindig;

**"Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

**"hierdie Wet"** ook die regulasies;

**"hoof van 'n regeeringsliggaam"** die rekenpligtige beampte van 'n

regeringsliggaam of enige persoon wat as sodanig optree;

"**keuring**" die argivale funksie van die uiteindelijke beskikking oor rekords te bepaal;

"**Koerant**" die amptelike *Provinsiale Koerant* van KwaZulu-Natal;

"**lid**" 'n lid van die Raad in artikel 9 bedoel;

"**lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies**" die lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal verantwoordelik vir finansies;

"**nie-publieke rekord**" 'n rekord wat deur 'n privaat individu of liggaam buiten 'n regeringsliggaam, soos omskryf in hierdie Wet, geskep of ontvang word;

"**Portefeuljekomitee**" die tersaaklike Portefeuljekomitee van die Provinsiale Wetgewer verantwoordelik vir provinsiale argiewe;

"**Provinsiale Argief**" die KwaZulu-Natal Argief- en Rekorddiens ingestel ingevolge artikel 2;

"**Provinsiale Regering**" die regering van die provinsie;

"**Provinsiale Wetgewer**" die Wetgewer van die provinsie soos in artikel 105 van die Grondwet bedoel, en het wetgewende magtiging vir die provinsie soos in artikel 104(1) van die Grondwet bedoel;

"**provinsie**" die provinsie KwaZulu-Natal in artikel 103 van die Grondwet bedoel, en "**provinsiale**" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"**publieke rekord**" 'n rekord geskep of ontvang deur 'n regeringsliggaam in die verrigting van sy funksies en die uitvoering van sy werksaamhede;

"**Raad**" die KwaZulu-Natal Argiefadviesraad in artikel 7 bedoel;

**"regulasies"** regulasies uitgevaardig ingevolge artikel 25;

**"rekord"** vasgelegde inligting ongeag die vorm of medium en sluit elektroniese en digitale inligting in;

**"rekordklassifikasiesstelsel"** 'n klassifikasieplan vir die identifisering, rangskikking, stoor en oproep van rekords;

**"regeringsliggaam"** enige wetgewende, uitvoerende, regterlike of administratiewe staatsorgaan, met inbegrip van enige statutêre liggaam, kommissie, direksie of raad in die provinsiale of plaaslike staatsfeer in die provinsie KwaZulu-Natal;

**"Uitvoerende Raad"** die Uitvoerende Raad van die provinsie KwaZulu-Natal;

**"verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad"** die lid van die Uitvoerende Raad van die provinsie verantwoordelik vir provinsiale argiewe; en

**"voorgeskryf"** voorgeskryf deur regulasie kragtens artikel 25, en **"voorskryf"** het 'n ooreenstemmende betekenis.

## HOOFSTUK 2

### KWAZULU-NATAL ARGIEF- EN REKORDDIENS (PROVINSIALE ARGIEF)

#### **Instelling van KwaZulu-Natal Provinsiale Argief- en Rekorddiens**

2.(1) Die KwaZulu-Natal Provinsiale Argief- en Rekorddiens, hierna na verwys as die Provinsiale Argief, word hiermee ingestel.

(2) Die Provinsiale Argief –

- (a) is 'n komponent binne die departement; en
- (b) is nie 'n regs persoon nie.

### **Oogmerke en funksies van Provinsiale Argief**

#### **3. Die oogmerke en funksies van die Provinsiale Argief is –**

- (a) om publieke en nie-publieke rekords met blywende waarde in stand te hou vir gebruik deur die publiek en die staat;
- (b) om die toeganklikheid van argiefstukke in paragraaf (a) bedoel vir lede van die publiek te fasiliteer, onderhewig aan hierdie Wet, die regulasies en enige ander wet wat toegang tot die publieke rekords beheer;
- (c) om die gebruik van argiefstukke in paragraaf (a) bedoel deur lede van die publiek te bevorder;
- (d) om die behoorlike bestuur en versorging van alle publieke rekords deur alle regeringsliggame in die provinsie te verseker;
- (e) om nie-publieke rekords met blywende waarde van provinsiale belang wat nie meer toepaslik deur 'n ander instelling in stand gehou kan word nie, te versamel met inagneming van die behoefte om aspekte van die volk se ervaring wat in die verlede deur argiewe verwaarloos is, te dokumenteer;
- (f) om provinsiale registers van nie-publieke rekords met blywende waarde in stand te hou;
- (g) om samewerking en koördinasie te bevorder tussen instellings wat nie-publieke rekords met blywende waarde in bewaring het;
- (h) die versameling van verbale en oudiovisuele argivale materiaal te inisieer en koördineer;
- (i) om deel te neem aan die Nasionale Geoutomatiseerde Argivale Inligtingherwinningstelsel ingevolge artikel 3(e) van die Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996);
- (j) om 'n bewustheid van argiewe en rekordbestuur te bevorder;
- (k) om argivale en rekordbestuursaktiwiteite in die provinsie aan te moedig en organiseer; en
- (l) om die instandhouding en gebruik van die provinsiale argivale erfenis oor die algemeen te bevorder.

### HOOFSTUK 3 PROVINSIALE ARGIVARIS EN PERSONEEL

#### **Aanstelling van Provinsiale Argivaris**

4.(1)(a) Die Provinsiale Argief moet deur 'n Provinsiale Argivaris bestuur word, aangestel deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

(b) Die Provinsiale Argivaris, as hoof van die Provinsiale Argief as 'n komponent binne die Departement, doen aan die departementshoof verslag.

(2) Die Provinsiale Argivaris aangestel ingevolge subartikel (1) moet –

(a) 'n toepaslike en geskikte persoon wees; en

(b) oor toepaslike kwalifikasies en ervaring in argiewe en rekordbestuur beskik.

#### **Bevoegdhede en funksies van Provinsiale Argivaris**

5.(1) Die Provinsiale Argivaris moet –

(a) verantwoordelik wees vir die bestuur van die Provinsiale Argief;

(b) sodanige maatreëls tref as wat nodig is om argiefstukke in stand te hou, te bewaar, te rangskik, te beskryf en te herwin;

(c) inligting, konsultasie, navorsing en ander dienste verskaf wat verband hou met die bestuur, instandhouding en bewaring van, en toegang tot, argiefstukke;

(d) met spesiale klem op aktiwiteite wat ontwerp is om uit te reik na minder bevoorregte sektore van die gemeenskap, inligting rakende argiefstukke bekendmaak by wyse van publikasies, uitstallings en die uitleen van argiefstukke;

(e) onderhewig aan artikel 17, administratiewe en sekretariële bystand aan die Raad verskaf; en

(f) oor die algemeen –

(i) sodanige ander stappe doen en sodanige ander handeling uitvoer as wat redelikerwys nodig of bevorderlik mag wees vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet; of

(ii) enigiets doen wat –

(aa) redelikerwys nodig of wenslik is vir; of

(bb) gepaard gaan met of aanvullend is vir, die effektiewe uitoefening van sy of haar bevoegdhede, en die effektiewe verrigting of uitvoering van sy of haar funksies of pligte ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Provinsiale Argivaris kan –

- (a) opleiding in argivale tegnieke, bestuur en instandhouding van rekords verskaf;
- (b) met ander organisasies saamwerk wat in argivale aangeleenthede of die bestuur van rekords belangstel;
- (c) professionele en tegniese bystand verskaf ten bate van argivale werksaamhede en die argivale gemeenskap;
- (d) onderhewig aan artikel 18(9) enige regeringsliggaam in die provinsie kwytsekeld van enige bepaling van hierdie Wet;
- (e) 'n hoof van 'n regeringsliggaam gelas om sodanige verslae as wat die Provinsiale Argief van tyd tot tyd mag vereis, voor te lê of te verskaf;
- (f) van 'n persoon wat van enige publieke rekord in bewaring by die Provinsiale Argief gebruik gemaak het terwyl hy of sy vir 'n publikasie of tesis navorsing gedoen het, vereis om 'n afskrif van die publikasie of tesis aan die Provinsiale Argief te skenk; en
- (g) onderhewig aan artikel 25(2), fooie te hef vir –
  - (i) die benutting van sekere fasiliteite in die Provinsiale Argief; en
  - (ii) die benutting of reproduksie van sekere argiefstukke vir kommersiële of inkomstegenereringsdoeleindes.

### **Personeel van Provinsiale Argief**

6. Die Provinsiale Argivaris moet, in die verrigting of uitvoering van sy of haar funksies en pligte ingevolge hierdie Wet, bygestaan word deur beamptes en werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) in die Departement aangestel is.

## HOOFSTUK 4 KWAZULU-NATAL ARGIEFADVIESRAAD

### **Instelling van KwaZulu-Natal Argiefadviesraad**

7.(1) 'n Adviesraad word hiermee ingestel wat as die KwaZulu-Natal Argiefadviesraad bekend sal staan.

(2) Die Raad is nie 'n regs persoon nie.

### **Bevoegdhede, pligte en funksies van Raad**

8. Die Raad moet –

- (a) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad adviseer aangaande enige aangeleentheid wat met die werking van hierdie Wet verband hou;
- (b) die Provinsiale Argivaris adviseer aangaande die bevordering van die oogmerke en funksies van die Provinsiale Argief;
- (c) die Openbare Beskermer raadpleeg oor ondersoek van ongemagtigde vernietiging van rekords wat andersins kragtens hierdie Wet beskerm is;
- (d) enige aangeleentheid wat verband hou met die instandhouding van publieke rekords in die provinsie ondersoek en aanbevelings daarvoor aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad maak; en
- (e) oor die algemeen enigiets doen wat –
  - (i) redelikerwys nodig of wenslik is vir; of
  - (ii) gepaard gaan met of aanvullend is vir,die effektiewe uitoefening van sy of haar bevoegdhede, en die effektiewe verrigting of uitvoering van sy of haar funksies of pligte ingevolge hierdie Wet.

### **Samestelling van Raad**

9.(1) Die Raad bestaan uit –

- (a) nie minder nie as vyf en nie meer nie as sewe lede aangestel deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad; en
- (b) die Provinsiale Argivaris, as 'n *ex officio*-lid van die Raad, sonder stemreg by sy vergaderings.

(2) Lede van die Raad moet –

(a) toepaslike en geskikte persone wees wat in die beste belang van die provinsie sal dien;

(b) gekenmerk word deur hul onafhanklikheid, onpartydigheid en regverdigheid; en

(c) gesamentlik beskik oor –

(i) die tersaaklike kennis, kwalifikasies of ervaring op die volgende terreine of dissiplines –

(aa) argiewe en rekordbestuur;

(bb) instandhouding of bewaring van rekords;

(cc) inligtingstechnologie;

(dd) etnografiese geskiedenis; en

(ee) regte; en

(ii) enige ander vaardighede, kundigheid, ervaring of kwalifikasies wat na die mening van die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad tot voordeel van die Raad mag wees.

(3) By aanstelling van lede van die Raad moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verseker dat –

(a) historiese ongelykhede aangespreek word; en

(b) die Raad gesamentlik oor die nodige en toepaslike kennis, kwalifikasies, ervaring, vaardighede en kundigheid beskik.

(4) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, by wyse van kennisgewing in die *Koerant* en in ten minste twee koerante met wye sirkulasie in die provinsie, belanghebbende partye binne die provinsie uitnooi om kandidate te benoem om as lede van die Raad te dien.

(5) Die uitnodiging om benoemings ingevolge subartikel (4) moet –

(a) die benoemingsprosedure;

(b) die vereistes vir benoeming;

(c) die datum waarop 'n benoeming deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ontvang moet word; en



(d) die wyse waarop bewys van aanvaarding van benoeming deur benoemdes voorgelê moet word,

vermeld.

(6) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet 'n keurpaneel aanstel, bestaande uit –

(a) senior departementele beamptes; en

(b) enige ander persoon wat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad as geskik beskou, om –

(i) al die benoemings te hersien,

(ii) 'n kortlys op te stel of die benoemdes te evalueer of onderhoude met hulle te voer; en

(iii) aanbevelings aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad oor die benoemdes te maak.

(7) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, onderhewig aan subartikel

(6), die lede van die Raad aanstel en –

(a) een van die lede van die Raad as die voorsitter; en

(b) een van die lede van die Raad as die adjunkvoorsitter,

aanstel.

(8) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die name van die persone wat op die Raad aangestel is, in die *Koerant* en in ten minste twee koerante met wye sirkulasie in die provinsie publiseer, onmiddellik nadat sodanige persone skriftelik van hul aanstelling op die Raad in kennis gestel is.

(9) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, binne twee maande na die aanstelling van lede van die Raad, die Uitvoerende Raad en die Portefeuljekomitee inlig oor die name van die aangestelde lede met inbegrip van hul aanstellingstermyn.

(10) Hierdie artikel is met die nodige veranderinge op die vul van 'n vakature op die Raad van toepassing.

**Onbevoegdheid om op Raad aangestel te word**

10.(1) 'n Persoon is onbevoeg om op die Raad aangestel te word of om op die Raad te bly, indien hy of sy –

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvent is of word;
- (b) deur 'n bevoegde hof geestelik siek verklaar is of word;
- (c) 'n persoon onder kuratorskap is;
- (d) te eniger tyd uit 'n vertrouensamp verwyder is as gevolg van wangedrag wat diefstal of bedrog insluit; of
- (e) skuldig bevind en gevangenisstraf opgelê is sonder die keuse van 'n boete, buiten dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad 'n vonnis mag kondoneer indien sodanige benoemde, op 'n wyse wat ooreenstem met artikel 106(1)(e) van die Grondwet, volle besonderhede van die misdryf in 'n beëdigde verklaring verklaar.

(2) Onbevoegdheid ingevolge subartikel (1)(e) eindig vyf jaar nadat die vonnis voltooi is.

**Ampstermyn van raadslede**

11.(1) Persone aangestel op die Raad beklee die amp vir 'n tydperk van vyf jaar of sodanige korter tydperk soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal en is, onderhewig aan artikel 9, verkiesbaar vir heraanstelling by die verstryking van sodanige tydperk.

(2) Geen persoon mag heraan gestel word nadat hy of sy vir meer as twee opeenvolgende termyne op die Raad gedien het nie.

**Vakatures, ontslag en bedanking uit amp van raadslede**

12.(1) 'n Lid van die Raad moet die amp ontruim indien hy of sy onbevoeg raak soos in artikel 10 bedoel.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, nadat 'n geleentheid aan die lid gebied is om sy of haar saak te stel, die ampstermyn van sodanige lid te eniger tyd beëindig indien, na sy of haar mening, daar grondige redes is om dit te doen.

(3) 'n Lid moet sy of haar amp ontruim indien hy of sy sonder vooraf toestemming van die Raad afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die Raad waarvoor redelike kennis persoonlik of per pos aan daardie lid gegee is.

(4) 'n Lid kan uit sy of haar amp bedank deur nie minder nie as 30 dae skriftelike kennis aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad te gee.

(5) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan van die bedankingskennisgewing in subartikel (4) bedoel, afsien, indien sodanige afsiening nie nadelig sal wees vir die doeltreffende funksionering van die Raad nie.

(6) Wanneer 'n vakature op die Raad ontstaan, moet die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 9, 'n persoon aanstel om sodanige vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek sodanige persoon aangestel is.

(7) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan –

(a) onderhewig aan subartikel (2);

(b) na oorleg met die Uitvoerende Raad; en

(c) onderhewig aan die tersaaklike bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet No. 3 van 2000),

die aanstelling beëindig van –

(i) al die lede van die Raad; of

(ii) die meerderheid van die lede van die Raad, welke beëindiging die Raad buite werking mag stel.

(8) In die geval dat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad sy of haar bevoegdheids ingevolge subartikel (7) uitoefen, kan hy of sy, ongeag die prosedure vir die aanstelling van die lede van die Raad uiteengesit in artikel 9, onderhewig aan artikel 9(2) en (3), persone aanstel om op 'n tussentydse basis as lede van die Raad te dien: Met dien verstande dat –

(a) die persone aangestel ingevolge hierdie subartikel nie op die Raad mag bly vir 'n tydperk van meer as 90 dae na hul aanstellingsdatum nie; en

(b) die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, onderhewig aan artikel 9, die lede van die Raad binne 90 dae na die aanstelling in hierdie subartikel bedoel, moet aanstel.

### **Vergaderings van Raad**

**13.(1)(a)** Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet die eerste vergadering van die Raad belê.

(b) Die Raad moet daarna so dikwels as wat nodig is, vergader, maar ten minste drie keer per jaar op sodanige tye en plekke wat die Raad mag bepaal.

(2) Elke lid van die Raad moet skriftelik van elke vergadering in kennis gestel word ten minste 14 dae voor sodanige vergadering, en sodanige kennisgewing moet 'n agenda vir die voorgenome vergadering bevat.

(3) Indien die voorsitter en die adjunkvoorsitter van die Raad afwesig is van enige vergadering van die Raad, kan die lede teenwoordig by daardie vergadering 'n lid uit eie geledere verkies om by daardie vergadering voor te sit.

(4) 'n Spesiale vergadering van die Raad kan belê word op versoek van –

(a) die voorsitter; of

(b) die meerderheid van die lede van die Raad by wyse van 'n skriftelike petisie, waarna die voorsitter elke lid van die Raad skriftelik in kennis moet stel van die tyd en plek van die spesiale vergadering.

(5) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Raad is 'n meerderheid van sy lede.

(6) Enige besluit van die Raad moet deur 'n meerderheidstem van die lede teenwoordig by enige vergadering van die Raad geneem word en, in die geval van 'n staking van stemme ten opsigte van enige aangeleentheid, het die lid wat op die betrokke vergadering voorsit die beslissende stem buiten sy of haar gewone stem as 'n lid van die Raad.

(7) Geen besluit van die Raad is ongeldig slegs as gevolg van 'n vakature op die Raad

nie: Met dien verstande dat die besluit geneem word deur die vereiste meerderheid van die lede van die Raad wat teenwoordig is en daarop geregtig is om as lede van die Raad te sit.

(8) Die verrigtinge van alle vergaderings van die Raad moet behoorlik vasgelê, genotuleer en op lêer gehou word.

(9)(a) Die notule van die vorige vergadering moet aan die begin van elke vergadering gelees word.

(b) Die notule kan beskou word as gelees indien afskrifte daarvan voor die vergadering aan die lede van die Raad verskaf is.

(c) Die voorsitter mag slegs die notule teken wanneer besware of korreksies hanteer is.

(10) Die voorsitter moet besluit oor kwessies van orde of prosedure: Met dien verstande dat indien enige lid beswaar maak teen enige sodanige besluit, die kwessie tot stemming gebring moet word en die besluit van die meerderheid van die lede is finaal en bindend vir die Raad.

(11) 'n Lid van die Raad wat 'n belang het met betrekking tot enige aangeleentheid wat op 'n vergadering van die Raad bespreek word, wat hom of haar redelikerwys kan verhoed om sy of haar pligte op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse uit te voer, moet hom- of haarself van sodanige vergadering onttrek.

(12) Enige personeellid van die Provinsiale Argief kan, op uitnodiging van die Raad, 'n vergadering van die Raad bywoon.

(13) Die Raad kan enige persoon uitnooi om enige van sy vergaderings by te woon.

#### **Onttrekking van raadslid**

**14.(1)** ) 'n Lid van die Raad moet hom- of haarself van enige aangeleentheid of verrigtinge onttrek indien hy of sy, 'n familielid of nabye medewerker 'n finansiële of ander belang in die uitslag van 'n besluit deur die Raad het of redelikerwys verwag kan word om te hê.

(2) Enige persoon kan 'n verbale of skriftelike aansoek indien dat 'n lid van die Raad hom- of haarself moet onttrek indien daardie persoon rede het om te glo dat die lid van die Raad 'n familielid of nabye medewerker het of redelikerwys verwag kan word om 'n finansiële of ander konflik van belang in die uitslag van 'n besluit deur die Raad te hê.

(3) 'n Persoon wat aansoek soos vermeld in subartikel (2) doen, moet redes vir sy of haar versoek verskaf.

(4) In die geval van 'n aansoek vermeld in subartikel (2), moet die voorsitter van die Raad oor die aangeleentheid beslis, buiten dat die aangeleentheid deur die adjunkvoorsitter beslis moet word in gevalle waar die aansoek met die voorsitter van die Raad verband hou.

(5) Enige verklaring wat ingevolge subartikel (1) gemaak word, moet in die notule van die betrokke vergadering genotuleer word.

(6) Indien dit later blyk dat die Raad 'n besluit geneem het, gegrond op 'n aangeleentheid met betrekking waartoe 'n lid versuim het om 'n belang in subartikel (1) bedoel te verklaar, is sodanige besluit deur die Raad ongeldig.

(7) Vir die doeleindes van hierdie artikel –

(a) sluit 'n **“nabye medewerker”** in, maar is nie beperk nie tot, 'n besigheidsvennoot of werkgewer; en

(b) sluit 'n **“familielid”** in, maar is nie beperk nie tot –

(i) 'n eggenoot van 'n lid van die Raad;

(ii) 'n lewensmaat in 'n gewoonteverbintenis of 'n persoon met wie 'n lid van die Raad saamwoon of leef asof hulle getroud is; of

(iii) 'n kind, ouer of broer of suster van 'n lid van die Raad.

### **Komitees van Raad**

**15.(1)** Die Raad kan een of meer komitees aanstel, nie beperk tot sy eie lede nie, om hom by te staan in die uitoefening van sy bevoegdhede en die uitvoering en verrigting

van sy pligte en funksies.

(2) Enige komitee aangestel ingevolge subartikel (1) moet onder voorsitterskap van 'n lid van die Raad wees.

(3) 'n Komitee in subartikel (1) bedoel, moet sodanige pligte en funksies uitvoer en verrig soos deur die Raad bepaal.

(4) Die Raad kan, te eniger tyd, sodanige komitee ontbind of hersaamstel.

(5) Die Raad –

(a) kan enige van sy bevoegdhede, pligte of funksies aan 'n komitee aangestel ingevolge subartikel (1) delegeer;

(b) word nie vrygeskeld van die uitoefening, uitvoering of verrigting van enige bevoegdheid, plig of funksie aldus gedelegeer nie; en

(c) kan enige besluit van 'n komitee wysig, hersien of terugtrek.

(6) Enige gedelegeerde of aangewese bevoegdheid, plig of funksie uitgeoefen, uitgevoer of verrig deur 'n komitee word beskou as deur die Raad uitgeoefen, uitgevoer of verrig.

### **Besoldiging van raadslede**

16.(1)(a) 'n Lid van die Raad kan sodanige besoldiging of toelaes ontvang soos die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad in oorleg met die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies mag bepaal.

(b) 'n Lid van die Raad wat besoldiging, toelaes of ander voordele ontvang uit hoofde van sy of haar pos of werk by –

(i) die nasionale regering;

(ii) 'n provinsiale regering;

(iii) 'n munisipaliteit; of

(iv) 'n korporasie, liggaam of instelling waarin die nasionale of 'n provinsiale regering 'n beherende aandeel het,

wat voortgaan om sodanige besoldiging, toelaes of ander voordele te ontvang terwyl hy of sy as 'n lid van die Raad dien, mag slegs besoldiging en toelaes vermeld in paragraaf

(a) ontvang tot die mate wat vereis word om sodanige lid in die finansiële posisie te plaas waarin hy of sy sou wees indien dit nie vir sodanige pos of werk was nie.

(2)(a) 'n Lid van die Raad en 'n lid van 'n komitee van die Raad kan, met betrekking tot sy of haar funksies as 'n lid, vergoeding ontvang vir redelike werklike reis-en-verblyf-uitgawes genoodsaak deur die werklike bywoning van 'n vergadering van die Raad of 'n komitee van die Raad.

(b) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet prosedures, met inbegrip van beheermaatreëls, bepaal vir die bestuur, hantering en verwerking van eise vir reis-en-verblyf-uitgawes soos in paragraaf (a) bedoel.

#### **Administratiewe en sekretariële werk van Raad**

17. Die administratiewe en sekretariële werk verbonde aan die verrigting van die funksies van die Raad moet gedoen word deur beamptes in, of werknemers van, die Departement aangewys vir sodanige doel deur die departementshoof ooreenkomstig die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).

### **HOOFSUK 5 PUBLIEKE REKORDS**

#### **Bestuur en versorging van publieke rekords**

18.(1) Die Provinsiale Argivaris is, onderhewig aan hierdie Wet, belas met die bevordering, koördinerende en monitering van behoorlike bestuur en versorging van publieke rekords in die bewaring van enige regeringsliggaam in die provinsie.

(2) Geen publieke rekord onder die beheer van enige regeringsliggaam mag –

- (a) na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas word nie;
- (b) na 'n buiteterrein stoorfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die betrokke regeringsliggaam oorgeplaas word nie;
- (c) vernietig;
- (d) uitgevee; of
- (e) op 'n ander wyse oor beskik word nie,

sonder die Provinsiale Argivaris se skriftelike magtiging nie.



(3) Die Provinsiale Argivaris kan weier om die magtiging in subartikel (2) bedoel toe te staan met betrekking tot die oorpasing van rekords na 'n buiteterrein stoorfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die betrokke regeringsliggaam, indien hy of sy rede het om te glo dat –

(a) die aangewese buiteterrein stoorfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die betrokke regeringsliggaam nie geskik is vir die instandhouding van rekords nie; of

(b) die vervoer van die rekords na 'n buiteterrein stoorfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die betrokke regeringsliggaam op een of ander wyse kan lei tot die vernietiging van die betrokke rekords.

(4) Die Provinsiale Argivaris se magtiging vir die oorpasing van publieke rekords na 'n buiteterrein stoorfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die betrokke regeringsliggaam ingevolge subartikel (2) ontnem nie die hoof van die betrokke openbare liggaam van sy of haar pligte om te verseker dat sodanige rekords behoorlik ooreenkomstig hierdie Wet bestuur word nie.

(5) Die Provinsiale Argivaris moet –

(a) die rekordklassifikasiestelsel wat deur regeringsliggame toegepas moet word;

(b) die voorwaardes onderhewig waaraan rekords gemikrofotografeer of elektronies herproduseer mag word; en

(c) die voorwaardes onderhewig waaraan rekordstelsels bestuur moet word,

bepaal.

(6) Die Provinsiale Argivaris kan, met of sonder kennisgewing aan die hoof van 'n spesifieke regeringsliggaam, publieke rekords gedurende kantoorure inspekteer, in soverre sodanige inspeksie nodig mag wees vir die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet: Met dien verstande dat –

(a) die inspeksie van die publieke rekords wat inligting bevat, waarvan die openbaarmaking ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) of enige ander wet beperk word, gedoen moet word met die toestemming van die hoof van die betrokke regeringsliggaam; en

(b) die bevoegdheids aan die Provinsiale Argivaris verleen ingevolge hierdie bepaling ook van toepassing is met betrekking tot publieke rekords wat in 'n

buiteterreinfasiliteit of enige ander terrein buite die gewone perseel van die regeringsliggaam gehou word.

(7) Die Provinsiale Argivaris kan skriftelike opdragte en instruksies aan die hoofde van regeringsliggame in die provinsie uitreik met betrekking tot die bestuur en versorging van publieke rekords in die bewaring van sodanige regeringsliggame: Met dien verstande dat sodanige opdragte en instruksies nie teenstrydig is met die bevoegdhede van die Provinsiale Argivaris ingevolge hierdie Wet en die regulasies nie.

(8)(a) Onderhewig aan –

(i) enige wet wat die indiensneming van personeel van die betrokke regeringsliggaam beheer; en

(ii) sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf word,

moet die hoof van elke regeringsliggaam in die provinsie 'n beampte aanwys as die rekordsbestuurder van die betrokke regeringsliggaam.

(b) 'n Rekordsbestuurder in paragraaf (a) bedoel, is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat die betrokke regeringsliggaam aan die –

(i) vereistes van hierdie Wet; en

(ii) skriftelike opdragte en instruksies uitgereik deur die Provinsiale Argivaris van tyd tot tyd soos in subartikel (7) bedoel,

voldoen.

(9)(a) Die hoof van die regeringsliggaam mag, in die geval waar so 'n regeringsliggaam, om enige regverdigte en kratige rede, nie aan enige bepaling van die Wet voldoen nie, skriftelike aansoek aan die Provinsiale Argivaris rig vir kwytskelding aan voldoening aan sodanige bepaling.

(b) 'n Aansoek om kwytskelding ingevolge ingevolge paragraaf (a), moet –

(i) genoegsame en gestaafde redes bevat waarom die regeringsliggaam nie kan voldoen nie; en

(ii) binne 14 dae na die datum waarop die hoof van die regeringsliggaam eerste verwittig is dat die regeringsliggaam nie kan voldoen nie, gerig word.

(c) Met besluitneming of die aansoek ingevolge paragraaf (a) toegestaan sal word, moet die Provinsiale Argivaris oorweeg of –

(i) die aansoek voldoen aan die vereistes soos bedoel in paragraaf (b); en

(ii) die nie-nakoming onafwendbaar.

(d) Enige hoof van enige regeringsliggaam veontreg deur die besluit van die Provinsiale Argivaris soos bedoel in paragraaf (c), mag binne 7 dae skriftelik appèlleer op die manier soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorgeskryf word.

## HOOFTUK 6 NIE-PUBLIEKE REKORDS

### **Verkryging van nie-publieke rekords**

**19.(1)** Die Provinsiale Argivaris kan, onderhewig aan hierdie Wet, namens die Provinsiale Regering, nie-publieke rekords wat, na sy of haar mening, blywende waarde van provinsiale belang het en wat nie meer toepaslik deur 'n ander instelling in stand gehou kan word nie, hetsy onvoorwaardelik of onderhewig aan sodanige voorwaardes as waarop ooreengekom is, verkry deur die –

- (a) aankoop;
- (b) skenking; of
- (c) leen daarvan vir 'n tydelike of 'n langer tydperk.

(2) Onderhewig aan enige toepaslike voorwaardes moet nie-publieke rekords wat ingevolge subartikel (1) verkry is, in die argiefbewaarplek bepaal deur die Provinsiale Argivaris besorg word.

(3) Die Provinsiale Argivaris moet provinsiale lyste van nie-publieke rekords met blywende waarde in stand hou: Met dien verstande dat die Provinsiale Argivaris die instellings wat sodanige rekords in bewaring het, moet raadpleeg oor die instandhouding van die lyste van nie-publieke rekords.

## HOOFSTUK 7 BEWARING EN INSTANDHOUDING VAN, EN TOEGANG TOT, ARGIEFSTUKKE

### **Bewaring en instandhouding van argiefstukke**

20.(1) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, in oorleg met die Raad en by wyse van kennisgewing in die *Koerant* –

- (a) argiefbewaarplekke onder die beheer van die Provinsiale Argivaris instel; en
- (b) die jurisdiksiegebied vir elke argiefbewaarplek ingestel ingevolge paragraaf (a) bepaal.

(2)(a) Die Provinsiale Argivaris moet, met betrekking tot elke argiefbewaarplek en onderhewig aan die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), 'n beampte of werknemer in artikel 6 bedoel as die hoof van elke argiefbewaarplek aanwys.

(b) Die hoof van 'n argiefbewaarplek, as sodanig aangewys ingevolge paragraaf (a), moet –

- (i) die Provinsiale Argivaris bystaan met die administrasie en bestuur van 'n argiefbewaarplek; en
- (ii) sodanige bevoegdhede uitoefen en sodanige pligte uitvoer en funksies verrig as wat aan hom of haar deur die Provinsiale Argivaris ingevolge artikel 26(3) toegewys is.

(3) Publieke rekords wat in 'n beskikkingsmagtigingsgeïdentifiseer is as dat dit blywende waarde het, kan onderhewig aan die regulasies, na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas word wanneer dit 20 jaar bestaan: Met dien verstande dat –

- (a) geen ander wet vereis dat sodanige rekords in die bewaring van 'n spesifieke regeringsliggaam of persoon gehou word nie;
- (b) die Provinsiale Argivaris, na oorleg met die hoof van 'n regeringsliggaam, sodanige rekords kan identifiseer wat –
  - (i) in die bewaring van 'n regeringsliggaam moet bly; of
  - (ii) na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas moet word voordat dit 20 jaar bestaan; of
- (c) die Provinsiale Argivaris die oordrag van enige publieke rekord kan uitstel.

### **Toegang tot argiefstukke**

21.(1) Die Provinsiale Argivaris moet aan enige lid van publiek toegang gee tot enige argiefstukke wat –

- (a) 'n publieke rekord is: Met dien verstande dat –

- (i) sodanige toegang nie verbied word ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), of enige ander wet wat toegang tot enige publieke rekord beheer nie;
  - (ii) 'n tydperk van 20 jaar verstryk het sedert die einde van die jaar waarin die publieke rekord ontstaan het; of
  - (iii) die Provinsiale Argivaris op versoek toegang tot sodanige publieke rekord toegestaan het met betrekking waartoe 'n tydperk van minder as 20 jaar verstryk het sedert die einde van die jaar waarin die publieke rekord ontstaan het; of
- (b) 'n nie-publieke rekord is, onderhewig aan enige voorwaardes waarvoor ooreengekom is by die verkryging van sodanige publieke rekord ingevolge artikel 19.
- (2) Desondanks subartikel (1), kan die Provinsiale Argivaris toegang tot enige argiefstukke in sy of haar besit weier, indien –
- (a) die betrokke argiefstukke in 'n brose toestand is en dit onmoontlik is om toegang tot sodanige argiefstukke in enige ander formaat toe te staan;
  - (b) die voorwaardes in subartikel (1)(b) bedoel sodanige toegang verbied;
  - (c) enige van die redes vir weiering van toegang tot rekords in hoofstuk 4 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) bedoel, voorkom; of
  - (d) toegang tot sodanige argiefstukke ingevolge enige ander wet verbied word.
- (3) Enige persoon wat deur die Provinsiale Argivaris se besluit benadeel word soos in subartikel (2) bedoel, mag binne 21 dae skriftelik appelleer op die manier soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorgeskryf word.

## HOOFSTUK 8 JAARPLANNE EN VERSLAE

### **Jaarplanne**

**22.** Die Provinsiale Argivaris, in oorleg met die Raad, moet, voor die aanvang van enige finansiële jaar of op sodanige ander tyd as deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal, 'n jaarplan van die Provinsiale Argief vir elke finansiële jaar

aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad voorlê vir goedkeuring, wat –

- (a) besonderhede bevat van beplande werksaamhede van die Provinsiale Argief vir daardie finansiële jaar;
- (b) meetbare doelwitte, verwagte resultate, uitsette, prestasie-aanduiders en teikens bevat; en
- (c) sodanige verdere inligting bevat soos deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad bepaal.

### **Jaarverslae**

**23.(1)** Die Provinsiale Argivaris, na oorleg met die Raad, moet, deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad, 'n jaarverslag oor die werksaamhede van die Provinsiale Argief in die Provinsiale Wetgewer ter tafel lê binne vyf maande na die einde van elke finansiële jaar.

(2) Die jaarverslag in subartikel (1) bedoel, moet –

- (a) die mate vermeld waartoe die Provinsiale Argief gedurende die betrokke finansiële jaar die oogmerke van hierdie Wet en die meetbare doelwitte bereik of bevorder het soos in sy jaarplan uiteengesit, soos in artikel 22 bedoel;
- (b) tersaaklike prestasie-inligting bevat aangaande die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne en spesifiek 'n vergelyking tussen beplande en werklike prestasie-aanduiders soos uiteengesit in daardie jaarplan; en
- (c) 'n verslag bevat –
  - (i) oor alle gevalle van ongemagtigde vernietiging van publieke rekords wat deur die Provinsiale Argief ondersoek is; en
  - (ii) wat die besonderhede verskaf van alle regeeringsliggame in die provinsie wat versuim het om aan 'n bepaling van hierdie Wet te voldoen.

## **HOOFSUK 9 PROVINSIALE REKORDBESTUURSBELEID**

### **Provinsiale Rekordbestuursbeleid**

**24.** Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad moet, na oorleg met die Raad, 'n Provinsiale Rekordbestuursbeleid ontwikkel, bepaal en goedkeur.

## HOOFSUK 10 ALGEMENE BEPALINGS

### **Regulasies en kennisgewings**

**25.(1)** Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, by wyse van kennisgewing in die *Koerant* en na oorleg met die Raad, regulasies uitvaardig wat –

- (a) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet vereis word of toegelaat word om voorgeskryf te word, voorskryf; of
- (b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet, voorskryf.

(2) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, by wyse van kennisgewing in die *Koerant* –

- (a) in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies; en
- (b) na oorleg met die Raad,

fooie bepaal wat die Provinsiale Argivaris mag hef vir –

- (i) die benutting van sekere fasiliteite in die Provinsiale Argief; of
- (ii) benutting of reproduksie van sekere argiefstukke vir kommersiële of inkomstegenereringsdoeleindes.

(3) Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan, by wyse van kennisgewing in die *Koerant* na die vereiste oorleg in subartikels (1) en (2) bedoel, na gelang van die geval, enige sodanige regulasie of kennisgewing –

- (a) wysig;
- (b) vervang;
- (c) onttrek; of
- (d) herroep.

### **Delegasies**

**26.(1)** Die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad kan –

- (a) enige bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad verleen is, aan die Departementshoof delegeer buiten die

bevoegdheid ingevolge –

- (i) artikel 25(1), om regulasies uit te vaardig;
- (ii) artikel 25(2), om 'n kennisgewing wat fooie bepaal, uit te reik; of
- (iii) artikel 25(3), om enige regulasies uitgereik ingevolge artikel 25(1) of (2) te wysig, vervang, onttrek of te herroep; of

(b) enige plig wat die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad deur hierdie Wet opgelê is, buiten enige plig aangaande die aanstelling en beëindiging van amp, van die lede van die Raad in artikels 9 en 12 bedoel.

(2) Die Raad kan enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan die Raad verleen of opgelê is, aan die Provinsiale Argivaris delegeer.

(3) Die Provinsiale Argivaris kan enige bevoegdheid of plig wat deur hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgelê is, aan die hoof van 'n argiefbewaarplek of enige personeellid van die Provinsiale Argief delegeer.

(4) Enige bevoegdheid of plig gedelegeer ingevolge subartikel (1), (2) of (3) moet uitgeoefen of uitgevoer word onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die persoon of liggaam wat die delegasie gemaak het, nodig ag.

(5) Enige delegasie ingevolge subartikel (1), (2) of (3) –

- (a) moet skriftelik wees;
- (b) mag nie die persoon of liggaam wat die delegasie gemaak het, verbied om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig uit te voer nie; en
- (c) kan te eniger tyd skriftelik deur daardie persoon of liggaam onttrek of gewysig word.

### **Algemene misdrywe**

**27.** (1) Enige persoon wat –

- (a) enige publieke of nie-publieke rekord in die beheer van 'n regeringsliggaam opsetlik beskadig; of
- (b) buiten ooreenkomstig hierdie Wet of enige ander wet, enige publieke of nie-publieke rekord in die beheer van 'n regeringsliggaam verwyder, vernietig of uitvee,

is aan 'n misdryf skuldig.



(2) Enige persoon wat valslik beweer dat hy of sy gemagtig is om fooie namens of in opdrag van die Raad of die Provinsiale Argief te hef of in te samel, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) Enige persoon wat die Provinsiale Argief of die Raad, met inbegrip van enige beampte of agent van die Provinsiale Argief of die Raad, in die uitoefening van enige bevoegdheide of verrigting van enige funksie wat ingevolge hierdie Wet verleen is, dwarsboom of verhinder, is aan 'n misdryf skuldig.

#### **Strawwe**

**28.** Enige persoon wat ingevolge hierdie Wet aan 'n misdryf skuldig bevind word, stel hom- of haarself bloot aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie twee jaar oorskry nie.

#### **Herroeping van wet**

**29.** Die KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000 (Wet No. 5 van 2000) word hiermee herroep.

#### **Oorgangsreëlings en bekragtiging**

**30.** (1) Enige handeling, bepaling, toewysing, besluit, aangeleentheid of enige ander ding wat deur die Provinsiale Argivaris, 'n beampte of personeellid van die Provinsiale Argief, die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad ingevolge of ooreenkomstig die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000 (Wet No. 5 van 2000) gedoen, gemaak, geneem, verrig of uitgevoer is of na bewering gedoen, gemaak, geneem, verrig of uitgevoer is, tot die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, is nie ongeldig nie omrede –

(a) dit gedoen, gemaak, geneem, verrig of uitgevoer is voor die datum van inwerkingtreding van die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000;

(b) die regulasies vermeld in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, nie deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad uitgevaardig en gepubliseer is nie; en

(c) enige prosedure, proses, vereiste, voorwaarde of detail vermeld in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, nie deur regulasie bepaal of voorgeskryf is nie, soos in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000 bedoel.

(2)(a) Die aanstelling van enige beampte, werknemer of personeellid van die Provinsiale Argief ingestel ingevolge artikel 2 van die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000 (Wet No. 5 van 2000), ingevolge of ooreenkomstig die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, tot die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, is nie ongeldig nie omrede –

(i) dit gemaak is voor die datum van inwerkingtreding van die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000;

(ii) die regulasies vermeld in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, nie deur die verantwoordelike lid van die Uitvoerende Raad uitgevaardig of gepubliseer is nie; of

(iii) enige prosedure, proses, vereiste, voorwaarde of detail vermeld in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, nie bepaal of voorgeskryf is deur regulasie nie, soos in die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000 bedoel.

(b) 'n Persoon wat, op die dag voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n beampte, werknemer of personeellid vermeld in paragraaf (a) was, word beskou as aangestel ingevolge artikel 6 van hierdie Wet met behouding van alle regte en voordele.

(c) Die persoon wat, op die dag voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, die Provinsiale Argivaris van die Provinsiale Argief ingestel ingevolge artikel 2 van die herroepe KwaZulu-Natal Provinsiale Wet op Argiewe, 2000, was, word beskou as aangestel as die Provinsiale Argivaris ingevolge artikel 4 van hierdie Wet met behouding van alle regte en voordele.

### **Kort titel**

**31.** Hierdie Wet word genoem die KwaZulu-Natal Wet op Argief- en Rekorddiens, 2010.

No. 4

14 kuLwezi 2012

[Umbhalo weSingisi unyathelwe nguNdunankulu]

**UMTHETHO WOPHIKO LOKUGCINWA KOLWAZI  
NAMAREKHODI WAKWAZULU-NATALI, 2011**  
(Umthetho Na. 08 ka 2011)

Uvunywe mhlaka 02-10-2012

## UMTHETHO

Wokuhlinzekela ukusungulwa koPhiko lokuGcinwa koLwazi namaRekhodi KwaZulu-Natali; wokuhlinzekela ukuphathwa ngendlela nokunakekelwa kwamarekhodi kahulumeni esiFundazweni saKwaZulu-Natali; wokuhlinzekela ukongiwa nokusetshenziswa kwegugu eliwulwazi yibo bonke abantu besiFundazwe saKwaZulu-Natali; wokuchitha uMthetho wokuGcinwa koLwazi wesiFundazwe saKwaZulu-Natali, 2000 (uMthetho No. 5 ka 2000), nokuhlinzekela okunye okuphathelene nalokho.

MAWUMISWE yisiShayamthetho sesiFundazwe saKwaZulu-Natali, kanje:-

## UKUHLELEKA KWEZIGABA

*Isigaba*ISAHLUKO 1  
IZINCAZELO

## 1. Izincazelo

ISAHLUKO 2  
UPHIKO LOKUGCINWA KOLWAZI NAMAREKHODI LWAKWAZULU-NATALI (ULWAZI  
OLUGCINIWE LWESIFUNDAZWE)

2. Ukusungulwa koPhiko lokuGcinwa koLwazi namaRekhodi lwesiFundazwe saKwaZulu-Natali
3. Izinhloso nemisebenzi yoLwazi oluGciniwe lwesiFundazwe

ISAHLUKO 3  
UMGCINI WOLWAZI NABASEBENZI BESIFUNDAZWE

4. Ukuqokwa koMgcini woLwazi wesiFundazwe
5. Amandla nemisebenzi yoMgcini woLwazi wesiFundazwe
6. Abasebenzi boPhiko lokuGcinwa koLwazi lwesiFundazwe

ISAHLUKO 4  
UMKHANDLU WOKWELULEKA NGOKUGCINWA KOLWAZI KWAZULU-NATALI

7. Ukusungulwa koMkhandlu wokweLuleka uPhiko lokuGcinwa koLwazi KwaZulu-Natali
8. Amandla, amajoka nemisebenzi yoMkhandlu
9. Ukubunjwa koMkhandlu
10. Ukuhoxiswa ekuqokelweni eMkhandlwini
11. Isikhathi sokuba sesikhundleni samaLungu oMkhandlu
12. Izikhala zomsebenzi, ukuxoshwa nokwesula kwamalungu oMkhandlu
13. Imihlangano yoMkhandlu
14. Ukuzihoxisa kwelungu loMkhandlu
15. Amakomidi oMkhandlu

## 3

16. Ukukhokhelwa kwamalungu oMkhandlu
17. Imisebenzi yezokuphatha neyobubhalane yoMkhandlu

ISAHLUKO 5  
AMAREKHODI KAHULUMENI

18. Ukuphathwa nokunakekelwa kwamaRekhodi kaHulumeni

ISAHLUKO 6  
AMAREKHODI OKUNGEWONA AKAHULUMENI

19. Ukutholakala kwamaRekhodi okungewona akahulumeni

ISAHLUKO 7  
UKUGCINWA NOKUVIKELWA KANYE NOKUTHOLAKALA KOLWAZI OLUGCINIWE

20. Ukugcinwa nokuvikelwa kolwazi olugciniwe
21. Ukutholakala kolwazi olugciniwe

ISAHLUKO 8  
AMASU NEMIBIKO YAMINYAKA YONKE

22. Amasu aminyaka yonke
23. Imibiko yaminyaka yonke

ISAHLUKO 9  
INQUBOMGOMO YESIFUNDAZWE YOKUPHATHWA KWAMAREKHODI

24. INqubomgomo yesiFundazwe yokuPhathwa kwamaRekhodi

ISAHLUKO 10  
IZINHLINZEKO EZEJWAYELEKILE

25. Imithethonqubo nezaziso
26. Ukudluliselwa kwamandla
